Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# TELEMATIESE ONDERRIG 2015

# REKENINGKUNDE
## Graad 12 (Kwartaal 2 & 3)

Liewe Graad 12 Rekeningkundeleerder

Gedurende die eerste kwartaal het die aanbieders van hierdie program aspekte van Maatskappye gedek, nl die die opstel van die finansiële state.

Gedurende die volgende drie sessies sal die aanbieders fokus op die opstel van die Kontantvloeistaat en die ontleding en vertolking van finansiële state. Jy word aangeraai om deur die vrae te werk wat in hierdie hulpbron verskaf word en om seker te maak dat jy die begrippe wat gedek is, verstaan. Hierdie program sal jou hersienings- en studieprogram ondersteen in voorbereiding fir jou finale Graad 12 Rekeningkunde eksamen. Dit bied jou ‘n geleentheid om wat jy in die klas geleer het, te konsolideer. Maak asseblief van hierdie geleentheid gebruik deur elke sessie by te woon.

**Wenke vir sukses in Rekeningkunde**

**Om te slaag in Rekeningkunde moet jy na die volgende oplet:**

- Let noukeurig op in die klas om te verseker dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk/oefeninge daagliks OEFEN…OEFEN…OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees instruksies by vrae/aktiwiteite versigtig en maak seker jy verstaan wat gevra word
- Wees nougeset in die voltooiing van take en assesseringsaktiwiteite en toetse asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Maak gebruik van vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Verfyn jou eksamentegniek: wanneer jy hersien, kies vrae wat jou in jou swakker areas sal verryk. Gebruik die tydstoekennings in die vraag om te bepaal of jy die vraag in die beskikbare tyd voltooi.

Voorspoed met jou hersiening en voorbereiding vir die finale eksamen.

Glynis Schreuder
Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde

**TELEMATIESE ONDERRIG - 2015**

**REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 12 (Kwartaal 2 en 3)**

<table>
<tr><th>Datum</th><th>Onderwerp</th><th>Teen die einde van hierdie les behoort jy die volgende te verstaan:</th></tr>
<tr><td>Maandag<br>18 Mei<br>16:00 – 17:00</td><td>Maatskappye<br>Opstel van finansiële state<br>▪ Kontantvloeistaat</td><td>▪ Die doel van die opstel van ‘n Kontantvloeistaat<br>▪ Waar om die inligting te vind om ‘n Kontantvloeistaat op te stel<br>▪ Die drie soort aktiwiteite wat in ‘n Kontantvloeistaat getoon word<br>▪ Hoe om die afdelings van ‘n Kontantvloeistaat te voltooi</td></tr>
<tr><td colspan="3"></td></tr>
<tr><td>Dinsdag<br>1 September<br>16:00 – 17:00</td><td rowspan="2">Maatskappye<br>Ontleding en vertolking van finansiële state</td><td rowspan="2">▪ Waarom ons finansiële state ontleed<br>▪ Die vyf vrae wat gebruikers van finansiële aanwysers gebruik<br>▪ Hoe om finansiële aanwysers to bereken<br>▪ Hoe om finansiële aanwysers te ontleed</td></tr>
<tr><td>Woensdag<br>23 September<br>16:00 – 17:00</td></tr>
</table>

| Vrae wat deur gebruikers van finansiële state gevra word | | Kategorie | Finansiële aanwysers | Hoe om te bereken |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Is die maatskappy doeltreffend in sy gewone bedryfsaktiwiteite? | Winsgewendheid | Winsopslag % / % Bruto wins op koste van verkope | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| | | | % Bruto wins op verkope | |
| | | | % Bedryfsuitgawes op verkope | |
| | | | % Bedryfswins op verkope | |
| | | | % Netto wins na belasting op verkope | |
| 2 | Kan die maatskappy al sy skuld met gemak vereffen? | Solvensie | Solvensie verhouding | |
| 3 | Kan die maatskapy sy onmidellike skuld met gemak vereffen? | Likiditeit | Bedryfsverhouding | |
| | | | Vuurproefverhouding | |
| | | | Voorraad omsetsnelheid | |
| | | | Tydperk waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is | |
| | | | Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn | |
| | | | Gemiddelde Krediteure-betalingstermyn | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4 | Verdien die aandeelhouers ‘n redelike bedrag in terme van hulle belegging? | Opbrengs | % Opbrengs op aandeelhouersekwiteit | |
| | | | Verdienste per aandeel | |
| | | | Dividende per aandeel | |
| | | | Netto batewaarde per aandeel | |
| 5 | Tot watter mate word die maatskappy deur lenings gefinansier in ooreenstemming met kapitaal? | Finansiële risiko / gerat / | Skuld-ekwiteitsverhoudig | |
| | | | % Opbrengs op totale kapitaal aangewend | |

**Aktiwiteit 1**

U word voorsien van inligting met betrekking tot Bennie Boeke Bpk. vir die jaar geëindig 30 April 2013.

**Gevra**:

1.1 Voltooi die nota vir die rekonsiliasie tussen netto wins voor belasting en kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite.

1.2 Voltooi die Kontantvloeistaat. Toon bewerkings tussen hakies.

**Inligting**:

**BENNIE BOEKE BEPERK**
**UITTREKSEL VAN INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2014**

| | |
|---|---|
| Waardevermindering | 71 000 |
| Rente op lenings | 53 000 |
| Netto wins voor belasting | 420 000 |
| Inkomstebelasting | 126 000 |
| Netto wins na belasting | 294 000 |

| **BALANSSTAAT OP 30 APRIL 2014** | ***2014*** | ***2013*** |
|---|---|---|
| Nie-bedryfsbates | 1 799 800 | 1 632 300 |
| Vaste bates | 1 240 800 | 1 302 300 |
| Beleggings | 559 000 | 330 000 |
| Bedryfsbates | 371 700 | 329 800 |
| Voorraad | 237 000 | 185 000 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | 72 000 | 98 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 62 700 | 46 800 |
| **TOTALE BATES** | 2 171 500 | 1 962 100 |
| Aandeelhouersbelang | 1 518 000 | 1 240 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 986 000 | 600 000 |
| Behoue inkomste | 592 000 | 610 000 |
| Nie-bedryfslaste | 325 000 | 430 000 |
| Verbandlening: Excel Bank | 325 000 | 430 000 |
| Bedryfslaste | 328 500 | 292 100 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 328 500 | 292 100 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | 2 171 500 | 1 962 100 |

**UITTREKSEL UIT DIE NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE**

**Uittreksel uit die Vaste Bate nota:**

Ou toerusting is verkoop teen boekwaarde, R60 000.

Nuwe toerusting is ook aangekoop

**Uittreksel uit die Kontant en kontantekwivalente nota:**

Kleinkas was onveranderd teen R4 000, terwyl wisselgeld onveranderd gebly het op R3 000.

**Gewone aandelekapitaal**

**Gemagtig**

Aantal gemagtigde gewone aandele: 500 000 aandele

**Uitgereik**

| | |
|---|---|
| 126 000 aandele in uitreik aan begin van jaar | 630 000 |
| 84 000 aandele gedurende die jaar uitgereik teen R7 per aandele | 588 000 |
| 40 000 aandele gedurende die jaar teruggekoop (gemiddelde prys R5,80) | (232 000) |
| 170 000 aandele in uitreik aan einde van jaar | 986 000 |

**Behoue Inkomste**

| | |
|---|---|
| Behoue inkomste aan begin van die jaar | 610 000 |
| Netto wins na belasting vir die jaar | 294 000 |
| Behoue inkomste op 40 000 aandele teruggekoop | (60 000) |
| Dividende vir die jaar | (312 000) |
| Behoue inkomste aan einde van die jaar | 532 000 |

| **Handel- en ander betaalbare bedrae:** | ***2014*** | ***2013*** |
|---|---|---|
| Handelskrediteure | 66 000 | 114 000 |
| Vooruitontvange inkomste | 3 500 | 7 000 |
| Uitgawes betaalbaar (Rente op lening) | 6 000 | 8 500 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 13 000 | 9 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 240 000 | 153 600 |
| | 328 500 | 292 100 |

**Aktiwiteit 2**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014 vir Brights Cellphones Bpk., 'n publieke maatskappy wat op die JSE genoteer is.

**GEVRA:**

2.1 Verskaf die ontbrekende syfers aangedui deur **A** tot **G** in die Kontantvloeistaat. Toon bewerkings om deelpunte te verdien.

2.2 Behalwe vir dividende en die lening, watter ander groot besluite deur die direkteure word in die Kontantvloeistaat gereflekteer? Noem TWEE groot besluite en haal die betrokke syfers aan. Verduidelik ook hoe ELK van hierdie besluite in die toekoms tot voordeel van die maatskappy kan wees.

## INLIGTING:

1. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 4 000 000 gewone aandele. Op 28 Februarie 2013 was daar 600 000 aandele in uitreik.

2. Inligting geneem uit die 2014-Inkomstestaat:

| | |
|---|---|
| Verkope | 6 200 000 |
| Waardevermindering | 120 000 |
| Rente op lening | 168 000 |
| Netto wins voor belasting | 1 200 000 |
| Netto wins na belasting | 840 000 |

3. Inligting geneem uit die Balansstaat:

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| **Vaste Bates** (drawaarde) | 7 125 000 | 6 931 000 |
| **Bedryfsbates** | 575 000 | 419 000 |
| Voorrade | 135 000 | 80 000 |
| Rekeninge ontvangbaar | 362 000 | 328 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | - | 9 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 78 000 | 2 000 |
| **TOTALE BATES** | 7 700 000 | 7 350 000 |
| | | |
| **Aandeelhouersbelang** | 5 285 000 | 4 000 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 4 590 000 | 3 600 000 |
| Behoue inkomste | 501 2500 | 400 000 |
| **Niebedryfslaste:** Venus Bank (8% p.j.) | 2 100 000 | 2 800 000 |
| **Bedryfslaste** | 508 750 | 550 000 |
| Rekeninge betaalbaar | 244 500 | 158 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 28 000 | - |
| Aandeelhouers vir dividende | 236 250 | 210 000 |
| Bankoortrekking | - | 182 000 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | 7 700 000 | 7 350 000 |

4. 150 000 nuwe aandele is op 1 Maart 2013 teen R10 per aandeel uitgereik.

5. 'n Tussentydse dividend van 30 sent is op 30 Junie 2013 betaal.

6. Op 31 Desember 2013, het die direkteure besluit om 75 000 aandele teen 1 050 sent per aandeel van 'n ontevrede aandeelhouer terug te koop. Hierdie aandeelhouer het sy aandele op die JEB op verskillende tye teen verskillende pryse oor die afgelope jaar gekoop.

7. **KONTANTVLOEISTAAT VIR JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2014**

| | |
|---|---|
| **KONTANTGEVOLGE VAN BEDRYFSAKTIWITEITE** | |
| Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite | |
| Rente betaal | (168 000) |
| Inkomstebelasting betaal | **A** |
| Dividende betaal | **B** |
| | |
| **KONTANTGEVOLGE VAN BELEGGINGSAKTIWITEITE** | (314 000) |
| Vaste bates aangekoop | (400 000) |
| Opbrengs uit verkoop van vaste bates | 86 000 |
| | |
| **KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | |
| Opbrengste van aandele uitgereik | **C** |
| Terugkoop van aandele | **D** |
| Toename/Afname in lenings | **E** |
| | |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN -EKWIVALENTE** | **F** |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | **G** |
| Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar | 78 000 |

**Aktiwiteit 3**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Metreal Supermarkte Beperk, 'n publieke maatskappy. Die einde van die finansiële jaar is 28 Februarie 2014.

**GEVRA:**

3.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014:

3.1.1 Netto batewaarde per aandeel
3.1.2 Skuld-ekwiteit-verhouding
3.1.3 % Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend

3.2 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers (werklike syfers/verhoudings/persentasies) en hulle neigings aan.

3.3 Die direkteure het besluit om die lening gedurende die huidige finansiële jaar te verhoog. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike syfers/verhoudings/persentasies) aan wat relevant is tot hul besluitneming. Verduidelik waarom dit 'n goeie besluit was, of nie.

3.4 Die Muller-gesin besit 740 000 aandele in hierdie maatskappy. Verduidelik die uitwerking wat die terugkoop van aandele op 31 Desember 2013 op hul beheer oor die maatskappy gehad het. Gee 'n berekening(e) om jou antwoord te staaf.

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014:**

| | |
|---|---|
| Rente op lening (alles gekapitaliseer) | 88 500 |
| Netto wins voor belasting | 1 575 000 |
| Inkomstebelasting | 441 000 |

**B.** **Uittreksel uit die Balansstaat soos op:**

| | 28 Feb. 2014 | 28 Feb. 2013 |
|---|---|---|
| **Bedryfsbates** | **3 337 300** | **4 641 000** |
| Voorrade | 818 200 | 641 000 |
| Handelsdebiteure | 2 377 600 | 1 512 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 128 000 | - |
| Kontant en kontantekwivalente | 13 500 | 2 488 000 |
| | | |
| **Aandeelhoursbelang** | **8 839 000** | **7 400 000** |
| Gewone aandelekapitaal | 8 700 000 | 6 600 000 |
| Behoue inkomste | 139 000 | 800 000 |
| | | |
| **Verbandlening: Exclusive Bank** (rentekoers: 12,5% p.j.) | **908 000** | **508 000** |
| | | |
| **Bedryfslaste** | **2 063 700** | **1 302 000** |
| Handelskrediteure | 678 700 | 700 000 |
| Aandeelhouers vir dividende | 870 000 | 480 000 |
| Oortrokke bankrekening | 515 000 | - |
| SAID: Inkomstebelasting | - | 122 000 |

**C.** **Aandeelhouersregister:**

| DATUM | BESONDERHEDE |
|---|---|
| 1 Maart 2013 | 1 200 000 uitgereikte aandele |
| 31 Maart 2013 | 300 000 aandele uitgereik teen R8 elk |
| 31 Desember 2013 | Die maatskappy het 50 000 aandele, teen R9,50 elk, by 'n ontevrede aandeelhouer, P Pillay, teruggekoop. Die gemiddelde prys van alle aandele tot op datum uitgereik, was R6 per aandeel. |
| 28 Februarie 2014 | 1 450 000 uitgereikte aandele |

**F.** **Finansiële aanwysers:**

| | 28 Feb. 2014 | 28 Feb. 2013 |
|---|---|---|
| Skuld-ekwiteit-verhouding | **?** | 0,1 : 1 |
| Netto batewaarde per aandeel (NBA) | **?** | 617 sent |
| Bedryfsverhouding | 1,6 : 1 | 3,6 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,2 : 1 | 3,1 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | 6,8 keer p.j. | 5,1 keer p.j. |
| Debiteure-invorderingstermyn | 40 dae | 35 dae |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | **?** | 16,4% |

**Aktiwiteit 4**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Ambrosio Beperk vir die jaar geëindig 31 Desember 2014.

**GEVRA:**

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Desember 2014:

4.1.1 % bedryfsuitgawes op verkope

4.1.2 Solvensieverhouding

4.1.3 Skuld-ekwiteitverhouding

4.2 Lewer kommentaar op die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy vir die jaar geëindig 31 Desember 2014. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) met betrekking tot die Inkomstestaat aan om jou kommentaar te staaf.

4.3 Sal die aandeelhouers gelukkig wees met die opbrengs, verdienste en dividende vir die jaar geëindig 31 Desember 2014? Verduidelik. Haal DRIE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) of syfers aan om jou kommentaar te staaf.

4.4 Die hoof uitvoerende beampte (HUB) voel dat dit 'n goeie idee sal wees om volgende jaar die lenings te vermeerder. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) aan om sy mening te staaf.

**INLIGTING:**

1. **Uittreksel uit Inkomstestaat vir jaar geëindig 31 Desember 2014**

| | |
|---|---:|
| Verkope | 9 900 000 |
| Bedryfsuitgawes vir die jaar | 2 475 000 |
| Bedryfsinkomste vir die jaar | 3 597 000 |
| Waardevermindering op toerusting | 99 000 |
| Waardevermindering op voertuie | 115 500 |
| Rente-uitgawe | 148 500 |
| Netto wins voor belasting | ? |
| Inkomstebelasting | 916 550 |
| | |

2. **Balansstaat op 31 Desember 2014**

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| Tasbare/Vaste bates | 5 953 000 | 5 692 500 |
| Finansiële bates | ? | ? |
| Voorrade | 660 000 | ? |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | ? | 681 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | ? | - |
| **TOTALE BATES** | 8 031 000 | 7 301 250 |
| | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| Gewone aandeelhouersbelang | 6 673 000 | 5 148 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 5 478 000 | 4 620 000 |
| Behoue inkomste | 1 195 000 | 528 000 |
| Nie-bedryfslaste (Verbandlening: Viva Bank (14 % p.j.) | 600 000 | 1 039 500 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 758 000 | 915 750 |
| Oortrokke bankrekening | - | 198 000 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | 8 031 000 | 7 301 250 |

3. **Aandele uitgereik:**

| | |
|---|---|
| 2 310 000 gewone aandele op 1 Januarie 2011 | R4 620 000 |
| 390 000 gewone aandele uitgereik op 1 Januarie2011 | 858 000 |
| 2 700 000 gewone aandele op 31 Desember 2011 | R5 478 000 |

4. **FINANSIËLE AANWYSERS:**

Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar bereken:

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| Bedryfsuitgawes op verkope | ? | 18% |
| Bedryfswins op verkope | 11,3% | 14% |
| Netto wins na belasting op verkope | 21,3% | 26,8% |
| Skuld-ekwiteitverhouding | ? | 0,2:1 |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 35,5% | 37% |
| Verdienste per aandeel | 78 sent | 85 sent |
| Dividende per aandeel | 53 sent | 60 sent |
| Opbrengs op kapitaal aangewend | 47,0% | 44,2% |
| Solvensieverhouding ratio | ? | 3,4 : 1 |
| Bedryfsverhouding | 1,7 : 1 | 1,3 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,1 : 1 | 1,1 : 1 |

**Aktiwiteit 5**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014 van Jumbo Cellphones Bpk., 'n publieke maatskappy wat op die JSE genoteer is.

**GEVRA:**

5.1 Bereken die finansiële aanwysers hieronder vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014. Toon alle bewerkings om deelpunte te verdien.

5.1.1 Persentasie netto wins na belasting op verkope

5.1.2 Skuld-ekwiteit-verhouding

5.1.3 Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB)

5.2 Die direkteure is van mening dat die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy verbeter het. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om hulle mening te staaf.

5.3 Die aandeelhouers is gelukkig met hulle opbrengs, verdienste en dividende. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan en verduidelik dit om hulle mening te staaf.

5.4 Nuwe aandele is aan die begin van die finansiële jaar teen R10,00 elk uitgereik. As 'n bestaande aandeelhouer, sou jy tevrede wees met hierdie uitreikprys? Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou mening te verduidelik.

5.5 'n Groot terugbetaling is op die lening gedoen. Lewer kommentaar of dit 'n goeie idee was aldan nie. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou kommentaar te staaf.

**INLIGTING:**

1. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 4 000 000 gewone aandele. Op 28 Februarie 2013 was daar 600 000 aandele in uitreik.

2. Inligting geneem uit die 2014-Inkomstestaat:

| | |
|---|---:|
| Verkope | 6 200 000 |
| Waardevermindering | 120 000 |
| Rente op lening | 168 000 |
| Netto wins voor belasting | 1 200 000 |
| Netto wins na belasting | 840 000 |

3. Inligting geneem uit die Balansstaat:

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| **Vaste Bates** (drawaarde) | 7 125 000 | 6 931 000 |
| **Bedryfsbates** | 575 000 | 419 000 |
| Voorrade | 135 000 | 80 000 |
| Rekeninge ontvangbaar | 362 000 | 328 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | - | 9 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 78 000 | 2 000 |
| **TOTALE BATES** | 7 700 000 | 7 350 000 |
| | | |
| **Aandeelhouersbelang** | 5 285 000 | 4 000 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 4 590 000 | 3 600 000 |
| Behoue inkomste | 501 2500 | 400 000 |
| **Niebedryfslaste:** Venus Bank (8% p.j.) | 2 100 000 | 2 800 000 |
| **Bedryfslaste** | 508 750 | 550 000 |
| Rekeninge betaalbaar | 244 500 | 158 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 28 000 | - |
| Aandeelhouers vir dividende | 236 250 | 210 000 |
| Bankoortrekking | - | 182 000 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | 7 700 000 | 7 350 000 |

4. Nuwe aandele is op 1 Maart 2013 teen R10,00 elk uitgereik.

5. 'n Tussentydse dividend van 30 sent is op 30 Junie 2013 betaal.

6. Op 31 Desember 2013, het die direkteure besluit om 75 000 aandele teen 1 050 sent per aandeel terug te koop van 'n ontevrede aandeelhouer. Hierdie aandeelhouer het sy aandele op die JEB op verskillende tye teen verskillende pryse oor die afgelope jaar gekoop.

7. Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar bereken:

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| Netto wins na belasting op verkope | ? | 11,3% |
| Bedryfsuitgawes op verkope | 25% | 32% |
| Bedryfswins op verkope | 22% | 15,8% |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) | ? | 15,2% |
| Verdienste per aandeel (VPA) | 114 sent | 90 sent |
| Dividende per aandeel (DPA) | 63 sent | 82 sent |
| Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (OOTKA) | 19,6% | 15,2% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | ? | 0,7 : 1 |
| Rentekoers op geleende geld | 8% | 8% |
| Netto batewaarde per aandeel (NBW) | 755 sent | 667 sent |
| Markwaarde per aandeel | 840 sent | 820 sent |